№ 2314 | 19-26 Oktober 2023 landbou.com
RSA R60,00 (BTW ingesluit) Namibië N$60,00

# Landbou weekblad



**WILLEMSE**
## Kyk dringend na dié dinge, en oorleef onstuimige tye

**AARTAPPELS & HERLEWINGSLANDBOU**
## McCain belê gróót in navorsing

**GERRIT VAN ZYL**
## Nuwe reëls, dieselfde sport

**BEESTE IN WINGERD!**
## Goed vir grond én wyn

## Dié Karooboer g'n prysnemer

**BOEREPLAN**
## Só vang Namibiër elke reëndruppel

## Boere sê hul sê oor die nuwe Hilux GR-S

# PLANTTYD!
- Dié tegnologie maak 'n verskil, sê boere
- Ongemak oor kunsmis
- Só lyk winsvooruitsig

**SPESIAAL**
- Gewasse
- Vee
- 30-ton-klub (Suid)
- Malanseuns


**VOËLGRIEP**
LANDBOU SE ROOTSTE BEDRYF STEIER KWAAI

**NOORDWES-BRANDE**
1 MILJOEN HA VERLORE & STAAT NÊRENS TE SIEN!

**JONGBOER-REEKS**
BOESMANLAND-BOER SE DAPPER DROOGTESTRYD

**VERLIGTING**
GAMTOOS JUIG NÁ KOUGADAM OORLOOP

42314
9 770023 777005




## Nuwe lewe vir die Gamtoos

Streng waterbeperkings wat sedert 2017 gegeld het vir boere wat uit die Kougadam besproei, is in die eerste week van Oktober opgehef nadat die dam op 30 September begin oorloop het.

Tot onlangs is landbougebruikers in die Gamtoosvallei beperk tot 35% van hul kwotas, terwyl die Nelson Mandelabaai-metro ingeperk was tot 85% van sy watertoekenning. Die Gamtoos-besproeiingsraad was op die punt om die departement van water en sanitasie se besluit hieroor op hersiening te neem toe swaar reën in die dam se opvangsgebied uitgesak het.

Die dam was op 25 September 61,17% vol. Dit het in die laaste week van die maand met nagenoeg 40 persentasiepunte gestyg en ná sononder op 30 September begin oorloop. Boere sien nou daarna uit om hul normale bedrywighede te kan hervat. *FOTO'S: VERSKAF*

# Die ander sê

news24

## Red nóú SA se spoorweë van ineenstorting

**NÁ** die bedanking van Portia Derby as uitvoerende hoof van Transnet, en Siza Mzimela, hoof van Transnet Freight Rail (TFR), word gehoop dat ander hul voorbeeld sal volg en ook sal bedank, soos die hoofde van spoorkorridors wat so swak bestuur word. Dit geld ook die ander onbekwame bestuurders wat sedert 2020 aangestel is om ervare personeellede te vervang wat uitgedwing is in Derby se "skoonmaakpoging".

Om spoorvervoer in Suid-Afrika om te keer, sal egter meer verg as om van die meer as 400 ervare werknemers wat sedert 2020 skeidingspakkette aanvaar het, terug te lok. Dit moet met groot bedryfsingrypings en strukturele hervorming gepaard gaan.

Die Afrika-spoorvervoervereniging (Aria) raam dat TFR oor die afgelope 10 jaar R30 miljard te min aan onderhoud bestee het. Oor die afgelope 12 maande alleen het die onderbesteding R4,4 miljard beloop omdat geld elders heen herlei is.

Soos in die geval met beleggings in Eskom se transmissienetwerk, sal die private sektor genooi word om op konsessiebasis betrokke te wees. Dit sal behels dat die sakesektor vir die herstel van infrastruktuur betaal, waarskynlik in ruil vir afslag op tariewe in die toekoms, of 'n soortgelyke model.

Die nasionale logistieke krisiskomitee raam dit sal R60 miljard tot R80 miljard kos om die spoorkorridors op te gradeer.

Net soos die skrap van die 10 MW-perk op private netwerkgekoppelde kragopwekking die weg gebaan het vir strukturele hervorming in die energiesektor, sal die toelating van derdeparty-operateurs by die spoornetwerk dieselfde vir spoorvervoer doen.






# **Stories** wat in die landbou saak maak

## 'Onkonvensionele' El Niño bring hoop vir somergrane

Daar is aanduidings dat die huidige El Niño-stelsel nie so sterk gaan wees as wat aanvanklik voorspel is nie. Die moontlikheid bestaan ook dat 'n sogenoemde Modoki El Niño kan ontwikkel, sê Johan van den Berg, onafhanklike landbouweerkundige. Met só 'n weerstelsel ontwikkel warmer seetemperature oor die sentrale deel van die Stille Oseaan, met koeler dele rondom, eerder as nader aan die weskus van Suid-Amerika, vanwaar dit ooswaarts uitbrei. Sulke stelsels veroorsaak ander oorliggende klimaatstelsels, en het in 2009-'10 met redelik goeie reënval oor Suider-Afrika gepaard gegaan.

## Groen skanse teen hoë dieselprys

Vir die landbou was die 30c wat aan die begin van die maand by die bestaande brandstofprysverhoging gevoeg is, 'n besonder onaangename verrassing. In somersaaigebiede maak boere reg om te saai, en in wintersaaigebiede maak hulle gereed om te oes. Die 30c is om die balansfonds aan te vul waaruit die regering brandstofmaatskappye vergoed as dit hulle daagliks meer kos om brandstof aan te koop as die gereguleerde kleinhandelprys. Prof. Johan Willemse, landbou-ekonoom, sê daar is weinig wat boere kan doen om brandstofinsetkoste te verlaag, buiten om doeltreffender te boer en nuwe tegnologie in te span. Nuwergeslag-werktuie is brandstofdoeltreffender as ouer modelle, en boere wat geenbewerking of minimumbewerking toepas, bespaar ook brandstof.

## BKB se wins skerp laer

Die gediversifiseerde landbougroep BKB se wins het in die jaar tot Junie gekrimp van R117,8 miljoen tot net R9,9 miljoen. Dit is deels weens koste verbonde aan die verkoop van drie verliesmakende besighede: Desert Raisins, die lusernpers-onderneming AlphaAlfa, en die Bultfontein-mieliegruismeule. BKB se rente-uitgawes het ook met R50,7 miljoen toegeneem weens hoër inflasie- en rentekoerse. Inkomste was onder druk weens onder meer lae rooivleis- en veselpryse, tesame met die agteruitgang van landelike infrastruktuur, dieregesondheidskwessies en logistieke probleme.

## R2,8 miljard

Foskor, die staatsbeheerde fosfaatvervaardiger, het in die jaar tot 31 Maart 'n nabelaste wins van R2,8 miljard gemaak. Sy inkomste het met 64,8% gegroei, grootliks danksy groter verkoopsvolumes, hoër kommoditeitspryse en 'n verbeterde bedryfsomgewing. In die vorige jaar het hy 'n bedryfswins van R542 miljoen gely, 'n verlies van R2,2 miljard in 2021 en R1,63 miljard in 2020. Die Nywerheidsontwikkelingskorporasie, 'n groot aandeelhouer, het druk toegepas vir 'n nuwe bestuur en 'n omkeerstrategie.

*- Daily Maverick*

## 6,1%

BTW verteenwoordig 6,1% van die algehele koste van 'n basiese kosmandjie vir 'n arm huishouding. Dit word gehef op 22 van 44 basiese kosprodukte wat huishoudings maandeliks koop. Dié produkte verteenwoordig 47% van 'n totale koste van R5 155, en die BTW daarop beloop R313, omtrent dieselfde as 'n 30 kg-sak mieliemeel. Hoër BTW sal dus arm gesinne se bestaande voedselonsekerheid vererger.

*- Pietermaritzburg-groep vir geregtigheid en waardigheid*

## 20%

Sitrusproduksie in Spanje se Sevilla- en Cordoba-streek sal na verwagting met 20% daal weens die impak van rekorddroogtes vroeër vanjaar, volgens Carmen Crespo, raadslid vir landbou in Andalusië, wat onlangs die distrik se amptelike skatting vir die 2023-'24-bemarkingseisoen bekend gemaak het. Andalusië en Valencia is die twee belangrikste sitrusproduksiegebiede in Spanje, wat die grootste sitrusprodusent in die Europese Unie is. Andalusië se verwagte sitrusoes dié seisoen is 1,86 miljoen ton.

*- Fresh Plaza en USDA*

## 66%

Buitelandse besit van Amerikaanse landbougrond het sedert 2010 met 66% toegeneem, het die Amerikaanse senaatskomitee oor landbou in 'n onlangse sitting oor dié kwessie gehoor. Republikeine én Demokrate is besorg oor die implikasies hiervan vir voedselsekerheid. Die departement van landbou het in 2021 aangedui sowat 16,1 miljoen ha, oftewel 3% van Amerikaanse landbougrond, is in buitelandse besit, en talle deelstate oorweeg perke op buitelandse grondbesit.

*- Missouri Independent*

# Kougadam eindig sy langste, leegste tyd

Die Kougadam het einde September vir die eerste keer in agt jaar oorgeloop. Op sy laagste vlak het die dam onder 4% in Julie 2023 gedraai, en die landbou in die Gamtoosvallei is kwaai geknou.



ONS GESELS MET…

Rienette Colesky, uitvoerende hoof van die Gamtoos-besproeiingsraad, is verantwoordelik vir waterbestuur en die afdwing van enige waterbeperkings in die Gamtoosvallei.

FOTO: VERSKAF

**Is hierdie die langste interval tussen twee oorlope?**

Ja, dit is. Ons is gewoond aan siklusse van vier jaar. Die vorige keer dat die dam oorgeloop het, was Junie 2015 – agt jaar en drie maande gelede. Ons glo dat hierdie 'n uitsonderlike droogte was.

**Wat beteken die dam vir die distrik se landbou-ekonomie, en hoe het die droë jare dinge verander?**

Die Gamtoosvallei se ekonomie wentel totaal om die landbou. Alle bedrywe en ondernemings spruit daaruit. Indien daar nie landbou in ons vallei was nie, was daar geen ekonomiese bedrywighede nie. Die belangrikste is dat die hele landboubedryf afhanklik is van watervoorsiening uit die Kougadam. Ander bronne, soos boorgate, is meestal nie geskik vir landbouverbouing nie, so ook nie water uit die Gamtoosrivier nie.

**Wat het die streng waterbeperkings vir landboupraktyke en besproeiingspraktyke beteken?**

Albei het verander. Mettertyd het kontantgewasse (groente en wisselgewasse) verminder. Die melkbedryf in Mondplaas het ook verander. Boere wat kon, het hul kuddes na ander plekke verskuif. Die boere wat agtergebly het, het ten duurste gevoer. Ten opsigte van die sitrus het die boere aanvanklik die ouer boorde vervang met klein boompies omdat dit minder water gebruik. Plekke waarop daar voorheen kontantgewasse verbou is, is met sitrus beplant.

Besproeiingspraktyke het onherroeplik verander. Tegnologie is ingespan, grondwater is ontgin, en die fyn beplanning om gewasse optimaal nat te kry met min water in tye van beurtwater en ten tye van beurtkrag, het plaasgevind.

**Watter planne is beraam om die water so ver moontlik te rek?**

Beurtwater is vir 'n tyd toegepas. Water is vir vier dae van die week in die stelsel gesit. Die skema is in twee gedeel en dan is elke deel vir drie dae lank toegelaat om te besproei.

Die besproeiingsraad het optimale onderhoud uitgevoer.

Lekke is onmiddellik herstel. Water van elke verbruiker is met presisie bestuur.

Lesings is elke twee weke by 850 meters geneem. Hierdie lesings word op 'n program ingelees en die totale verbruik is vergelyk met die beskikbare kwota.

Dit is deurgestuur aan verbruikers wat hulle in staat gestel het om die beskikbare water by hulle te bestuur. Indien die kwota van die verbruiker op is, is sy krane toegedraai. Dit was 'n moeilike besluit, maar op die ou end moet die kwota van die boer wat wel nog water oor het, beskerm word.

Ons verloor 10% in 'n oop kanaalstelsel onder die huidige watertoekenning van 35% aan die landbou en 80% aan die metro (die waterbeperkings is intussen opgehef). Dieselfde gate en probleme is steeds daar, die verliese raak nie minder omdat jy minder water laat loop nie. In 'n normale toekenningsjaar met groter volumes water sal dit proporsioneel minder wees as die huidige verliese.

**Watter probleme gaan daarmee gepaard om 'n besproeiingsraad te bestuur?**

Daar is twee kritieke oorwegings, naamlik die bedryfsbestuur van die skema en die bestuur van verskeie platforms en individue se verwagtinge.

By bedryfsbestuur is doeltreffende waterbalansering die belangrikste. Ons het dit elke dag gedoen. Jy besluit in die oggend of al die verbruikers op jou skema genoeg water het en dan doen jy die nodige verstellings om te verseker dat hulle water het. Daarby moes ons ook optimale onderhoud op die skema doen om toe te sien dat so min moontlik water verlore gaan.

Die bestuur van die verskeie platforms en individuele verwagtinge was 'n perd van 'n ander kleur. Aan die een kant moet jy belanghebbendes hanteer wat geen begrip het vir die landbouverbruikers se situasie nie. Daar word in 'n waterpersentasie vasgekyk met geen begrip van wat dit beteken vir die plaaslike ekonomie nie.

'n Ander werklikheid is dat ongeag die feit dat die landbouverbruiker hou by die beperking, ondanks die finansiële implikasie of die implikasie vir werkvoorsiening, die bestuurders van huishoudelike water met handskoene hanteer is, ongeag van swak bestuur, oor-onttrekking en wanbestuur.

Die laaste aspek is die waterverbruikers. Dit verg voortdurende kommunikasie, deursigtigheid, eerlikheid en objektiwiteit, asook empatie en begrip vir individuele situasies. Want die vallei beleef 'n droogte, maar op die ou end veg elke waterverbruiker sy eie stryd om oorlewing en voortbestaan. LBW